# Die dag toe Bok rugby wou verl



Danie Craven breek om die skrum teen die Britse Leeus in 1938. | FOTO: THE CAPE TIMES

**Die dag toe *Rapport* George Gerber met sy ’n aftrede gegroet het. Verskeie sportpersoonlikhede was daar. Van links staan Theuns Stofberg, Peter Kirsten, Dawie de Villiers, George Gerber, dr. Danie Craven en Morné du Plessis.**

‘Wat dink jy, Bokkie?” Dis ’n ou vriend van my wat vra. Dis oor ons rugby.

Wat ek dink?

Instinktief wil ek dié een omseil, want dis ongemaklik. Hoe tog sê ’n predikant vir ’n getroue lidmaat hy’s *finish* en klaar met die kerk?

“Ek het geabdikeer, Chris. Ek is klaar met rugby. Dis soos om te kyk na verf wat droog word. So, my vriend, ek het my geloof in rugby verloor.”

Die spel was in ’n spiraal onder toe. Oninspirerend. Voorspelbaar. Eendimensioneel. Fisiekheid was die nuwe (en enigste) kwaliteit en norm. Kreatiwiteit is gechloroform en skeppende spelers is so onder narkose gesit.

Waarvoor klap jy nog hande? Waaroor raak jy nog opgewonde?

Ek het vir weke lank oorweeg om iets te skryf. ’n Meningstuk “in my voormalige koerant”, om soos wyle Zandberg Jansen op TV se destydse *Springbok-barometer* te sê: Nag, ou grote! Oordat die spel so verbeeldingloos verfomfaai is, en blasers dit kannibaliseer dat die uitslag my nie meer traak nie.

Ek het nie.

Dit sou wees om ’n passie en liefde van meer as 60 jaar te verloën.

Die meer nugtere antwoord aan my vriend was dan: Dis afrigters se ego’s wat die spel so blou om die kiewe wurg. Dis oor ’n kontrak. Dis oor wenne om te bly oorleef. So, die verminking het ’n doel. Wen, sê hulle vir ons, is tog alles. Dis die soetkoek. En gulsiges vat, sluk en eet. Die sooibrand agterna is onsinnige reëls en blasers wat die spel se suurstof afsny.

Nogtans wou my twee vingers nie begin tik aan die abdikeer-stuk nie.

**Die Man Wat Weet**

My pa is George Gerber. As redaksielid in die sportkantoor van *Die Landstem* (’n voorloper van die uiteindelike samesmelting van koerante wat tot *Rapport* se stigting in 1970 gelei het), het ek en my broers op Planeet Rugby grootgeword. Hy was ’n fenomenale rugbyman, ’n wandelende ensiklopedie van die wie, waar en hoe van rugby. In *Die Landstem* was hy ook Die Man Wat Weet, ’n rubriek wat wyd en syd gelees is omdat dit so onthullend was en die leser ’n blik agter die kap van die byl in rugbysake gegee het.

So, Saterdae is ons agter Maties en WP aan. Coetzenburg en Nuweland toe. Sommige Sondae is ons oor middagete na Bennie Osler se plot naby Kuilsrivier. Op pad soontoe het Pa dan vertel hoe lief oom Bennie vir die pêre is. Ons het ook by Chris Kock op Moorreesburg gaan kuier. Dikwels in Parow by Hennie Muller met sy bulder van ’n lag. Ook by Butch Lochner, John Gainsford en Doug Hopwood. Nog vele ander ook. Hulle was nie ons rêrige familie nie, maar hulle was op ’n ander manier familie.

Maar feitlik elke Sondagmiddag laat is ons terug Stellenbosch toe waar *Die Landstem* se Man Wat Weet met Dok Craven tot laatnag tee gedrink en oor die Springbokke en toekomstige Springbokke gesels het. Dikwels is ons kort voor middernag by Dok se huis weg. Craven het George Gerber met alles in rugby vertrou. En vir Dok was *Die Landstem* die publikasie waar hy sy stem hard kon laat hoor. Soveel so dat *Die Landstem* vir Dok ’n tikmasjien gekoop het toe hy een jaar saam met die Bokke oorsee is. Die tikmasjien was vir Craven om per poskantoor-telegram vir Die Man Wat Weet nuusbrokkies oor die toer te stuur.

**Hy het met Dok Craven tot laatnag tee gedrink en oor die Springbokke gesels.**

So was Craven ook ’n slag in die voorste sitplek van George se Ford Zephyr toe ons van die Baai af gery het na die latere Springbok-kaptein Abie Malan se troue op Graaff-Reinet. Hy’t tussen Ma en Pa op die Zephyr se eenstuk-sitplek voor gesit. Ons vier seuns was agter.

**Die pikkies en die Bokke**

My vroegste herinnering aan rugbypersoonlikhede was toe ek so ses was. Ons was in die Kaapstad-hawe. Daar was ’n menigte van mense op die kaai, baie van hulle met papierlinte wat hulle vasgehou het, linte wat in klein rolletjies van die Union-Castle-boot se dek deur die Junior Springbokke na hul ondersteuners en familie in ’n afskeidsparade gegooi is.



**Die sesjarige Bokkie (links) en sy broer George in 1959 by Mannetjies Roux.**

Dit was 1959. Die Junior Springbokke was op die skip wat na Argentinië sou vertrek. Jannie Engelbrecht, Mannetjies Roux, John Gainsford, Dave Stewart, Robert Twigge, Mannetjies Gericke, Doug Hopwood. Van hulle nog tieners, ander net oor die 20. Ek en van my broers, toe nog pikkies, was aan boord saam met hulle. Ons handtekeningboekie het voller en voller geword.

En toe vertrek die boot en begin my eie reis met rugby - een wat vir eers propvol ervarings was saam met die man van *Die Landstem*, en later in sy skoene as koerantman by *Rapport*.

Vir ’n week in Junie 1960 was ons op Maselspoort waar die Bok-proewe ge-

# kie
# oën

## Hy was van sesjarige ouderdom ontsettend lief vir die spel, maar hul verhouding is nie altyd maklik nie, skryf **Bokkie Gerber.**



Bokkie Gerber gesels met Dok Craven tydens die Visfabriek-rugbydag op Saldanha.

des later: Mannetjies Roux, Bokkie Gerber, Jannie Engelbrecht en Frik du Preez.

hou is. A, B, C, D, E en F het op drie dae gespeel. Op die laaste dag die Waarskynlikes teen die Moontlikes. 'n Paar weke later het ons met die kar agter die 1960- All Blacks aangery. Ná die derde toets wat gelykop in Bloemfontein geëindig het, en met die reeks 1 elk, is ons Aliwal-Noord toe. Dit was Augustus en dit was ysig koud. Ons het saam met die All Blacks in die hotel op die dorp gebly.

Die aand voor die Woensdag-wedstryd teen die Noordoostelike Distrikte word ons seuns deur 'n paar omies in die gang van die hotel aangetree met die opdrag om tog in die nag Don Clarke se toks te steel as hy dit in die gang uitsit om gepoets te word (die ou gebruik in daardie dae).

Clarke kon die bal myle ver *place*. En om ons spanne te help, sou dit help as hy sy toks verloor!

Ons het stilweg onder mekaar gegiggel oor hoe ons dit sal doen . . .

Met Mannetjies Roux se huwelik met Charlotte in die Victoria-Wes-distrik was die Gerbertjies op die troue, met 'n silwer- gegraveerde skinkbord van *Die Landstem* wat aan die bruidspaar gegee moes word.

**'Skrum, skrum, skrum'**

Coetzenburg en Nuweland was vir ons skool. Leon du Plessis, Engelbrecht, Roux, Oubaas Stumpke, Hannes Schoeman, Rooies van Wyk, Dawie de Villiers, Dirk de Vos, Ben-Piet van Zyl, Abie Malan en Avril Malan. Matie-helde van ons.

1937-'38 se "Onoorwinlikes" - die Springbok-toerspan van Flip Nel wat die All Blacks die eerste en enigste keer in 'n toetsreeks weg verslaan het - kon ons toe oë opsê, van heelagter Gerry Brand af tot by Ferdie Bergh en George van Reenen.

Craven met sy beroemde duikaangee. Louis Babrow wat as Jood hom aan die Bok-span wou onttrek omdat hy nie op die heilige Joodse dag Jom Kippoer wou speel nie, maar die oplossing vir sy dilemma gekry het deur te besef die toets in Auckland sou verby wees teen die tyd wat Jom Kippoer in Suid-Afrika aanbreek. Paul Roos se telegram aan toerkaptein Flip Nel met net drie woorde: skrum, skrum, skrum.

**Om vir jou span te bloei**

In daardie jare het 'n drie 3 punte getel. Tellings in toetse was laag. Vyf Springbok-drieë in die toets teen die All Blacks in Auckland, met Babrow wat twee gedruk het, was die eindtelling Suid-Afrika 17, Nieu-Seeland 6.

Voorspelers wat met dribbellope die bal sokkerstyl veld-af skop-skop gedryf het en opponente se skeenbene in die proses blou-en-swart geskop het, was dikwels ewe aanskoulik as die vernuftige en onortodokse agterspel.

Rugby se fisieke kontak was toe al kliphard. Foto's uit die 50's en 60's van Jaap Bekker en Gys Pitzer se bebloede gesigte vertel die storie van hoe daar gebliksem is. Syd Nomis op die naat van sy rug op Nuweland se gras, minus 'n hele paar van sy voortande.

Die All Blacks was meesters van die trapskrum, wat opponente op die grond eenvoudig met die stewelknoppies van die bal af gehark is. Gevolglik bebloed, met lywe, truie en broeke gehawend of flenters.

Hierdie gewilligheid om vir jou span te bloei, tesame met ywer om die bloed van jou opponente te trek, het rugby in die kategorie geplaas van 'n John Wayne-fliek met 'n goeie skoot skop-skiet-en-donner.

As dit voor gekook het, het agterspel geblom. Engelbrecht se swenklopies met spoed doellyn toe. Nomis s'n. Roux se onortodokse breekslae. Gainsford se kraglopies, Lionel Wilson se veilige hande en Keith Oxlee se jakkalsstreke het die vurigheid van die voorspelers aangevul.

Van klein tot groot, lank en kort, dik en maer het die spel gejol - ook op toetsvlak. Rugby se aura was aanloklik met 'n magiese aantrekkingskrag - vir die speler en toeskouer.

Van Engelbrecht se tyd, strykdeur Syd Nomis, Gerrie Germishuys, Ray Mordt, Carel du Plessis en die jonger Bryan Habana, Stefan Terblanche en Pieter Hendriks was vleuels die driedruk-konings.

Bok-senter Danie Gerber was egter almal se heerser. Hy was die doring. Kunswerk-drieë het die land so bekoor en geïnspireer dat trefferliedjies soos die Bats se "Vat hom Dawie", Laurika Rauch se "Mannetjies Roux" en Leon Schuster se "Hie' kommie Bokke" volksbesit geword het.

**Die koets word 'n pampoen**

Was die rugby toe beter as nou?

Vra jou af waarom is die drie nou 'n vyfpunter? En waarom wou die reëlmakers skoppe pale toe in 'n stadium tot net 1 punt beperk?

Statiese spel, met skoppe die hoofoogmerk, het die belangrikste kenmerk wat rugby van sokker onderskei - om die bal te hanteer en te dra - begin uitfaseer.

Tienman-rugby was so 'n kenmerk (en die wenresep) van Noord-Transvaal. Skoppunte het te belangrik geraak, en gevolglik moes die druk van drieë aanlokliker gemaak word.

Die drie word toe vier punte (1971) en later vyf (1992). Die behoefte en doel was om die karakter van die spel te beskerm.

Sterk agttalle was nog altyd 'n gegewe. Voetballers soos Divan Serfontein, Joost van der Westhuizen, Francois Hougaard en Ricky Januarie was agter die yster-voorhoedes soos weerlig om gapings te slaan.

Danie Gerber se drie in die Return Test in 1992 - die Bokke se eerste ná isolasie - ná 'n volle agterlynbeweging en 'n binne-aftrapswenk van die Doring van Despatch, versinnebeeld spel daardie tyd.

Ewe so Naas Botha se kundigheid en voorgevoel met die uitgee van die bal om sy binnesenter deur 'n gaping te kry. Vandaar vleuel toe!

Die klok van verandering het begin lui toe die pypkan, swenklopie, systapfopaangee en binne-aftrap uit rugbyberiggewing verdwyn het.

Hierdie wonderlike beskrywende woorde van skeppende spel is uitgefaseer en vervang met fases, balopvat, omkeerbesit, meters gewen, duikslae gemaak, meeding in die lug, af van die bal uitblink en die voordeellyn aanval.

Toe JJ Kotze van die WP in sy debuutwedstryd 'n jaar gelede vier drieë druk - al vier vanaf die lynstaanrolmaal - het die klok vir my 12 geslaan. Dit was middernag.

> **Wat senter en vleuels veronderstel is om te doen, is verplaas tot die haker.**

Die koets het in 'n pampoen verander. Wat senter en vleuels veronderstel is om te doen, is verplaas tot die haker. Die bisarre lynstaanrolmaal (niks anders as geoorloofde obstruksie) het die spel drakonies gemaak.

**1995**

*It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of Light, it was the season of Darkness, it was the spring of hope, it was the winter of despair.*

Suid-Afrika was properlies terug op die wêreldverhoog. 1991 se eenheid is beloon met 'n tuis-Wêreldbekertoernooi. Francois Pienaar en pres. Nelson Mandela het dit onvergeetlik gemaak.

Dit was die goeie. Die beste.

Kitch Christie die wyse en lig.

**Sherlock Holmes en die saak van die afbreekpunte**

Rugby nou in beroepsgewaad. Soms mooi, soms lelik.

Reëls is aangepas met die spel wat nader aan die Amerikaanse gridiron se styl van speel beweeg het.

Afrigters is derhalwe op 'n streep Amerika toe om daar by die gridironfoendies te gaan leer hoe om die bal te beskerm, om laerisiko-spel te speel en skoppe te gebruik om opponente foute te laat maak, vanwaar jy dan weer aanval.

Dit het meer begin tel hoeveel *tackles* die stut óf die haker óf die flank gemaak het as hoeveel keer die bal deur die hande van die losskakel na sy senters toe is.

Statistieke van meters gewen, en *offloads* het die denke en analitiese oordeel oorheers, eerder as om een oomblik van geniale spel uit te wys as die groot oomblik.

■ Lees verder op bl. 11.